# 9 Desember 2023 - Lesing 197 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die ware ligdraers **–** Verblindende skyn ligte (vals ligte) **–** 8/5/61

**NO: 7888** Steeds sal julle weer lig geskenk word, julle mag nie in 'n nuwe duisternis teruggedryf word nie, want My teenstander probeer dat julle **die weg na die lig** nie vind nie. Ek het julle egter voor die eindtyd 'n ryk mate van genade beloof sodat julle nie kragteloos word nie, sodat julle nie aan sy intriges ten prooi val nie. Want hy werk onder die **vermomming** van 'n engel. Hy ontsteek skynligte, wat geen lig uitstraal nie, maar die oog verblind van hulle wat hom nie herken nie.

In die defensiewe stryd teen hom, gebruik julle dikwels verkeerde middele **deurdat julle julle oë sluit**, in plaas van om na die ware Lig te strewe, wat julle as 'n duidelike genadegawe toestroom. Julle hou julle nie aan My Woord nie, wat 'n sigbare uitstraling is van My Liefde en wat julle waarlik met sukses teenoor My vyand kan stel, want **dit is die Lig uit My wat hy verafsku.**

My Woord predik aan julle die liefde en wederom **wek die liefde die Gees tot lewe.** En so kan julle altyd hiervan seker wees, dat **volledige ooreenstemming van geestelike waardes** te sien sal wees waar die Gees uit My Homself kan uiter.

Nou ontdek julle egter teenspraak. **Valse profete dwarsboom julle**. Hulle almal wil uit My die woord verkondig en julle vind egter geen volledige ooreenstemming nie en dan sal julle agterdogtig raak en by die een of ander werksaamheid van die gees **twyfel**. En dan het My teenstander sy spel reeds gewen, want dan raak die gedagtes in die war, die mense verloor hulle geestelike sekerheid, hulle gaan nie meer saam nie, maar teenmekaar.

**Die lig word dus verduister, dit wil sê, My Woord van bo word nie meer herken nie en terwille van die onwaarheid nie meer so gewaardeer nie**, wat onder die dekmantel van vroomheid veld wen en veel eerder instemming vind by die mense wat geen ernstige ondersoek instel nie.

En weer beslis slegs die **graad van liefde** by elkeen persoonlik of hy homself van die dwaling sal bevry, of hy haar herken en homself in vrye wil na die waarheid sal keer.

Die Lig skyn in die duisternis, maar dit mag nie verberg word nie, dit moet helder kan straal, wat egter altyd afhanklik is van die wil van elke mens afsonderlik. En die Lig wat werklik helder straal, gaan van My uit, vanuit die ewige Lig.

**Ek het egter maar min Ligdraers, mense wat so vervul is met die verlange na die waarheid** dat hulle My as "houers" kan dien waarin die waarheid nou ook kan instroom. Mense wat dan ook die Lig vêrder kan dra, wat nie moeg word om die waarheid te verkondig nie, wat egter ook **sien waar die dwaling binnegesluip het** en wie haar nou probeer blootlê, sodat ook hulle medemense hulleself in die stralende Lig kan verheug, wat slegs die waarheid vir hulle kan bring.

Ek wil dat die lig versprei word. Ek wil dat My Woord na die mense gebring word en **Ek seën hulle wat hierdie diens vrywillig vir My bewys**: Dat hulle My tot hulself laat spreek en dan My Woord uitdra in die wêreld. En almal wat My dus wil dien, sal ook van My dieselfde woorde verneem en daarvoor instaan.

Hulle sal ook insien waar My teenstander aan die werk is, wat op dieselfde wyse probeer werk **om verwarring te stig onder Myne,** - wat die Lig uit My wil doof, wat die intensiteit daarvan wil roof, sodat dit weer duister kan word.

En daar sal vir die waarheid ook die bewys gelewer word. Slegs dit verlang Ek van julle mense dat julle My woorde sal glo **wat van bo na julle kom**, wat steeds weer as My woord herken kan word deur **hom wat van goeie wil is**. En hou julle aan hierdie woord van My.

As daar aan julle 'n Lig geskenk word, as julle opheldering ontvang oor dit waaroor julle tot nog toe vrae gestel het, as die Liefde, Wysheid en Mag van julle God en Skepper daaruit duidelik sigbaar word en as julle julleself aangespreek voel deur My as julle Vader, dan weet julle ook dat Ek julle Self aanspreek en glo dan onvoorwaardelik, **want Ek bring aan julle slegs die suiwere waarheid** en dit op 'n wyse, wat elkeen kan begryp, sodat **niemand hoef te praktiseer oor die sin van My woorde nie**.

Ek spreek helder en duidelik tot julle mense, sodat julle waarlik Lig sal ontvang, sodat die duisternis van gees sal verdwyn, want Ek Self is die Lig van ewigheid en omdat Ek My skepsele liefhet, wil Ek ook vir hulle die Lig bring, wat hulle eens self vrywillig weggegee het, maar wat weer onherroeplik vir julle moet skyn, as julle weer die korrekte weg wil vind na My in julle Vaderhuis.

Lig kan slegs van My as die ewige Lig uitgaan. En julle moet ook glo dat julle Vader Self die lig aan julle stuur, omdat julle dit dringend nodig het en omdat daar nie veel meer tyd oor is nie.

Julle moet egter ook bereidwillig wees om die Lig aan te neem, **julle moet die Ligdraers bereidwillig aanhoor**. Julle moet weet dat hulle self in die lig wandel en julle daarom ook volledige opheldering kan gee. En julle almal sal waarlik die weg na My vind as die Ligdraers julle voorgaan en julle hulle gewillig volg. Amein.